

# Voedingsbeginsels het geen vervaldatum

Deur Izak Hofmeyr

**O**uteur van 34 wetenskaplike en semi-wetenskaplike artikels, eksterne eksaminator vir talle nagraadse studente, erelid van die Suid-Afrikaanse Veekundevereniging (SAVV), vir tien jaar president van die SA Braford-telersgenootskap, in 1989 die ontvanger van die silwer medalje vir navorsing van die SAVV en in 1990 Landbouskrywers SA se landboukundige van die jaar in KwaZulu-Natal.

Hierdie is alles indrukwekkende prestasies op die curriculum vitae van die bekende veekundige, dr Johan Meaker, maar die twee aspekte waarvoor hy waarskynlik die beste onthou sal word, is die sogenaamde Dundee-lekkonsentraat wat hy in 1974/75 ontwikkel het terwyl hy in beheer van die Dundee Landbounavorsingstasie was en ook die studie wat hy vir sy PhD-graad gedoen het oor die korrelasie tussen kondisie en vrugbaarheid by beeste.

Die resultate van sy navorsingwerk meer as 40 jaar gelede is vandag nog net so relevant soos wat dit destyds was – kondisietellings kan maklik gebruik word om herkonsepsie in 'n koeikudde te voorspel, omdat 'n sterk verband tussen kondisie in die begin van die teelseisoen en vrugbaarheid bestaan.

## Genoeg voeding

Die volgende beginsel wat hy beklemtoon het, is die beskikbaarheid van voldoende "vitamiene K-O-S". Hy sê die antwoord rondom vrugbaarheid lê nie in lekke nie, maar in die beskikbaarheid van genoeg gras en die strategiese aanvulling van minerale in die somer en minerale en proteïene in die winter.

"As jy dus vir vrugbaarheid wil bestuur," beklemtoon hy, "is 'n konserwatiewe veebelading 'n kritieke faktor."

'n Waarneming wat destyds uit sy navorsing na vore gekom het, was die gebruik

van fosfaat tesame met proteïenaanvullings in die winter. Diere wat deur die winter toegang tot fosfaataanvullings gehad het, herstel baie vinniger in die lente as dié wat nie toegang daartoe gehad het nie.

"Dit beteken dat die fosfaatreserwes wat die dier dus in die winter opbou, doeltreffend benut word sodra die dier in die somer aktief begin groei. Die aanbeveling is dus 5g fosfor per dag vir nie-dragtige diere en 10g per dag vir lakterende diere as aanvulling saam met die gewone proteïenaanvulling in die winter."

## 'n Braford-man

Dr Meaker is reeds sedert 1981 by die Braford-betrokke, toe hy deur Flip de Jager van Ladysmith genader is om as konsultant vir sy bulteelprojek op te tree. Sy eie kudde het in 1985 aan die gang gekom toe Flip vir hom 'n Brafordbul geleen het. Sedertdien het hy nog nooit 'n ander bul as 'n Braford in sy kudde gebruik nie!

Aan die begin van 2006 het sy twee seuns, Helgaard en Jan, en skoonseun, Tobie du Preez, die plaas Draaihoek in die Verkykerskop-omgewing gekoop en het hulle die Braford-stoet van Dundee af daarheen verskuif. Jan en sy vrou, Carla, is voltyds op die plaas.

Dr Meaker sê onomwonde dat Jan in 'n beter boer ontwikkel het as wat hyself ooit was aangesien hy, afgesien van die beeste, ook 'n saaiery en 'n skaapboerdery bedryf.

"Interessant genoeg," vertel hy, "doen Jan nou kommersieel met sy ooie wat ek reeds in die sestigerjare vir my M-verhandeling nagevors het, naamlik estrus-sinkronisasie.

"Ek het nooit in 1967 gedink dat my navorsingswerk op estrus-sinkronisasie ooit praktiese toepassing in die bedryf sal hê nie. Die tegniek het niks verander nie en vandag is dit 'n alledaagse praktyk."

## Veekundige konsultant

In 'n tyd toe die beroep van privaat veekundige konsultant relatief onbekend was, het dr Meaker sedert 1988 vir ongeveer 16 jaar regoor die land gekonsulteer.

"In hierdie tyd kon ek, met die hulp van my vrou Annelise, oor etlike jare my boerdery geleidelik uitbrei terwyl ek my konsultasiedienste geleidelik afgeskaal het."

Vandag woon dr Meaker op Newcastle, terwyl hy nog 'n aandeel het en aktief betrokke is by die Braford-stoet op Draaihoek. Die afgelope vyf jaar is hy "semi-afgetree", maar hy behartig steeds al die stoet-administrasie en staan Jan by met aspekte soos dragtigheidsondersoeke en boerdery-advies. **VP**

